VROUEBYBELSTUDIE

Dinsdag

Sb4	09:30	Betta van Schoor, Vyfdelaan 63
Sa3+4	15:00	Anna van Zyl, Vyfdelaan 128
PM1	15:00	Kleintjie Krijnauw, DF Malherbestr. 20
PM3	15:30	Susan Duvenhage, Palmietweg 55
Bb1-4	15:00	Bessie van der Walt, Tiendestraat 34
HK3	15:00	Marié Vorster, Ursinialaan 36

Woensdag

KP	09:30	Kogelparksaal
HK1+2	09:30	Annemarie Nel, Gousblomlaan 8
Ba1-3	10:00	Cecile Coetzee, Jasmyn 2
Sa1+2	10:00	Maureen Kolles, Vierdelaan 139
Sc1-4	15:00	Christa Steenkamp, Vierdelaan 29
PM2,4,5	15:00	Hedwig Brink, Luckhoffstraat 24
Sb1-3	15:00	Anette Bester, Vierdelaan 95
KB 1-5	15:00	Kleintjie Muller, Boekenhoutlaan 32

If you have a pulse
you have a purpose.
Find it.
Live it.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

3 Junie 2018

Welkom by die Erediens

09:00 Kerksaal - Dr. Chris Malan

09:00 Hangklip - Ds. Ben de Wet

09:30 Kerkgebou - Ds. Steven Sass

Deurkollekte: Teologiese Kweekskool

Eredienste Sondag 10 Junie 2018

08:30 Erediens Kerksaal
09:00 Erediens Hangklip
09:30 Erediens Kerkgebou

Deuroffer: Studentebearbeiding

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS. . .

ONS GEE OM

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Ons dink veral aan Hennie Rossouw: HK1,
Johan Smal: HK1 (☎3427), Ettienne Gouws: BB5 (☎9689),
Lida Fourie: Bb1, Elma Hagen: Bb2 (☎5503),
Lena Nel: Sa1, Gerda le Roux: Sa3 (☎3254),
Tienie Geldenhuys: Sa4 (☎4814), Maria Human: Sc4,
en Isabel du Plessis: KP.

EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder wil ons die lidmate wat vandag verjaar, gelukwens:

Sarie Irish (Sa1), Suritha Roux (Ba2), Willie Smith (Sc3),
Williena van Schalkwyk (PM3), Peggy van Tonder (KB5).

GEBEURTENISSE HIERDIE WEEK

Sondag	18:00	Bybelskool
Dinsdag	08:30	Dagbestuur
	16:30	Gebedsgroep
Donderdag	15:00	Senior Burgers
	16:00	Kooroefening

LUISTERGROEP VIR MENSE WAT DEUR DEPRESSIE GERAAK WORD

Hierdie is ’n groep is beide ’n luister- en ondersteuningsgroep. Die doel is om ’n ruimte te skep waar mense veilig en gemaklik voel om hul stories en ervaring met mekaar te deel.
Die eerste byeenkoms is Donderdag 7 Junie om 10:00 by Boabab 4 (Negendelaan)

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die saambid geleentheid vind weer plaas op **Sondag 3 Junie 2018 om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp**. Let asb.daarop dat die tyd weer verander het. Kom neem deel daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges oor kerkgrense. Vir meer besonderhede bel
Lisel Krige sel 082 572 2711\028 272 9533 of
Hesta Smit 028 271 4000 / 083 608 4356

GEBEDFOKUS

Ons lof en dank vir reën wat geval het, die wonderlike voorreg van gebed, dat ons ons krag uit ons verhouding met ons lewende en reddende Here kry.

Ons bid vir:
Die Gee-basaar 16 Junie dat liefde en deernis vir mekaar ervaar sal word en dat dit tot seën vir elkeen sal wees.

Proteadorp en Over Hills : geestelike leiers, alle kerke, die jeug en skole. Teen misdaad, drankmisbruik en dwelms.

Ons leraars, kantoorpersoneel en kerkraad.

Ons gemeente - dat die Vader ons toegewyd en waardig sal maak vir die lewe waartoe Hy ons geroep het sodat sy Naam verheerlik sal word.

Waarom wil jy op jou skouers ‘n las dra wat die almagtige God op sy skouers wil neem? Bid! Dank! Gee oor!
-Charles Spurgeon

OM OOR TE DINK

Gebed en geloof is ’n lewenslange oefening
om in pas met God te kom en te bly.
Stephan Joubert

FETÉ BARUCH
[FEES VAN SEËNINGE]

Met Pinkster 2018 het ons by die verhaal van Dawid se guns teenoor Jonatan se seun, Mefiboset (Dispeller of Shame), stilgestaan. Ek doop dit Die Mefiboset-Effek… en het ons gefokus op drie momente…
Die BESLUIT-ding; Die GOD-ding; en Die GEE-ding.

En ons verpak Feté Baruch in presies dieselfde gees. Gedring deur Sy ontferming en goedheid in ons lewens BESLUIT ons om VERSKILMAKERS te wees. So maklik kan ons hierdie aksie en inisiatief afmaak met verskonings en logika, maar die deur-Christus-gedronge BESLUIT word deur geen logika gestuit nie.

Die GOD-ding is die mooiste! Dat ons voorwaar Sy verteenwoordigers hier in Kleinmond is, en daarom Ligdraers en Verskilmakers en Ambassadeurs (…van Hoop) is! Koning Dawid sou so gans anders kon optree… hy had die volste reg om Saul se koningshuis uit te wis, maar gans die teenoorgestelde leef in sy hart… om ‘n *guns van God* aan Mefiboset te bewys. Dit is die (G)gees van Feté Baruch!

En dan volg amper outomaties Die GEE-ding. Hieronder ‘n kortlysie van benodigdhede of maniere waar jy kan hand bysit. Sien, GEE word maklik wanneer my hart reeds daarin is! Liewe mede-Christene, die GROOTSTE bydrae wat ons elkeen kan maak is die persoon na wie ons uitreik, en saam-bring, en die *loving kindness* van die HERE laat beleef daardie oggend.

Doen dus asseblief moeite om ‘n eensaam senior, ‘n swaar-kry huishulp, ‘n uitlander tuinman, hartseer vriendin te nooi, te gaan haal, op te laai en saam te bring om die oggend mee saam te kuier en te geniet. Ek besef dit is dikwels moeilik om hierdie grense oor te steek, maar ek wil graag elkeen aanmoedig om dit te WAAG – soos ons Pinkster se oorkoepelende tema was! En dikwels ontdek ons dat dit net so ‘n groot seën vir ons is as die ander persoon of gemeenskap. Kom ons bou brûe, begin vriendskappe en vestig ‘n kultuur van hoop in Kleinmond.

En, wat ‘n fees dat soveel kerke in Kleinmond saam werk aan hierdie inisiatief.
Prys die HERE!

Jy sou kon hand bysit met…

- Borgskap vir verpakkingsmateriaal
- Gebak vir die Teetuin (plaatkoeke)
- Boeke vir die Boeke Tafel en artikels vir die Wit Olifant tafel
- Iemand om die Boeke Tafel te koördineer en te beman
- “Gashere en Gasvroue” om besoekers by die hek te ontvang en na kaartjietafels te begelei
- Spiertiere en gewilliges om Vrydagmiddag te help om die tente op te slaan
- 3x lekker GROOT driepoot-potte

Baie dankie en baie seën

Dr Chris, namens Kerkleiers in Kleinmond

Die basaar is op 16 Junie van 09:00 tot 12:00 by Mthimkhulu.